

**Ons lees**

Ons gebruik rekenaars om e-posbriewe te stuur. Lees hierdie e-pos en beantwoord die vrae.

**WOORDBOKS**

- daar
- skaap
- boot
- skoor

Sigwoorde

| | | | |
|---|---|---|---|
| Aan | Anita@school.com | | |
| Van | Brenda@Digital.org | 11 Maart 2012 | 15:14 |

Liewe Anita

Ons is nou terug by die skool en in Graad 4. Ons is baie gelukkig wat ons het 'n Digital Doorway-rekenaar by ons skool en ons kan e-posbriewe stuur.

Ek het 'n nuwe beste maat by die skool. Haar naam is Mandu. Sy is 9 jaar oud en haar verjaarsdag is een dag na myne. Ek sal op die 21ste Junie 10 jaar oud word.

Ons het baie aktiwiteite by ons skool. Maandae speel ek netbal. Mandu speel ook netbal. Dinsdae sing Mandu in die koor en ek doen dan noodhulp-opleiding. Noodhulp is baie belangrik, ingeval iemand seerkry. My onderwyser sê dat jy selfs 'n lewe kan red as jy noodhulp leer.

Elke Woensdag gaan ek en Mandu dramaklub toe. Ons gaan 'n skoolkonsert hê. In hierdie konsert sal Mandu 'n muis wees, en ek 'n kat.


Donderdae gaan ons albei tuinbouklub toe. Ons hou daarvan om in die tuin te werk. Ons plant tamaties en aartappels.

Vrydae doen Mandu atletiek. Sy is 'n goeie atleet. Ek is nie so goed met atletiek nie, so ek gaan huis toe en doen my huiswerk.

Ek hoop jy kan binnekort kom kuier.

Stuur


Liefde van Brenda





**Ons praat**

Lees weer die e-pos aandagtig saam met jou maat deur. Gesels oor watter aktiwiteite Brenda en Mandu elke dag doen. Gesels oor wat hulle saam doen en wat hulle apart doen.



**Ons skryf**

Vul nou hulle aktiwiteite onder hulle name in.

**Tydrooster**

| | Brenda | Mandu |
|---|---|---|
| Maandag | Netbal | Netbal |
| Dinsdag | | |
| Woensdag | | |
| Donderdag | | |
| Vrydag | | |

